Industry allocated project number	PHI allocated project number

SATI	CFPA	SAAPPA/SASPA	DFTS	Winetech
tarryn@satgi.co.za Tel: 021 863-0366	inmaak@mweb.co.za Tel: 021 872-1501	theresa@hortgro.co.za Tel: 021 882-8470	dappies@dtd.co.za Tel: 021 870 2900	andraga@winetech.co.za Tel: 021 276 0499
				✓

Indicate (X) client(s) to whom this concept project proposal is submitted. Replace any of these with other relevant clients if required.

NB: The instructions in red, throughout the template, should be omitted from the final document.

FINAL REPORT
(2010 – 2015)

1. PROGRAMME AND PROJECT LEADER INFORMATION

	Research Organisation Programme leader	Research Team Manager	Project leader
Title, initials, surname			Mnr J F Viljoen
Present position			Bestuurder: Konsultasiediens
Address			VinPro Konsultasiediens Posbus 1411 Suider-Paarl 7624
Tel. / Cell no.			083 309 7627
Fax			086 611 7510
E-mail			viljoenf@vinpro.co.za
	Co-worker	**Student**	
Title, initials, surname			
Present position			
Address			
Tel. / Cell no.			
Fax			
E-mail			

2. PROJECT INFORMATION

Research Organisation Project number	WPE
Project title	VinPro Winetech evaluation of viticultural practices (VinPro / Winetech Wingerdpraktykevaluering)
Short title	

Fruit kind(s)	Wyndruiwe		
Start date (mm/yyyy)	01/01/2010	**End date** (mm/yyyy)	31/12/2015

Key words	

Approved by Research Organisation Programme leader (tick box) ☐

This document is confidential and any unauthorised disclosure is prohibited

THIS REPORT MUST INCLUDE INFORMATION FROM THE **ENTIRE** PROJECT

1 PROBLEM IDENTIFICATION AND OBJECTIVES

Die Projek het ten doel gehad:

- demonstrering van voorpunt-tegnologie en korrekte praktykvoering aan produsente en hul werkerskorps
- die oordra van nuutste navorsingsinligting vanaf die navorser na die wingerdkundiges en die produsent(e)
- skakeling tussen wingerdkundiges van die bedryf om inligting en kennis uit te ruil
- kalibrering van wingerdkundiges en navorsers rondom optimale wingerdpraktyke per wyndoelwit
- blootstelling van wingerdkundiges en navorsers aan verbouingstoestande in die verskillende wynstreke
- identifisering van wingerdboukundige knelpunte in die onderskeie streke
- fokus van navorsingsprojekte en tegnologie-oordrag na aanleiding van probleme geïdentifiseer
- erkenning aan wingerdprodusente vir goeie praktykvoering (wyn word in wingerd gemaak)

2 RESULTS AND DISCUSSION

<u>In die verslag-periode van 2010 tot 2015 is daar as volg aan die gestelde doelwitte van die projek voldoen naamlik:</u>

2.1 Demonstrering van voorpunt tegnologie en korrekte praktyk voering aan produsente en hul werkerskorps:

- Daar is by 260 produsente se plase kommersiële blokke beoordeel deur ‘n paneel van kundiges en waar die produsente dan ook direkte terugvoering t.o.v. sy wingerdpraktyke gekry het. Moontlike verbeterings of aanpassings t.o.v. spesifieke wingerdpraktyke is ook aan die produsente uitgewys en/of aanbeveel.
- ‘n Totale bywoningsyfer van 2253 persone het die boeredae by die wenblokke bygewoon waar voorpunt-tegnologie en korrekte wingerdpraktykvoering vir ‘n spesifieke wyndoelwit prakties in die wingerd bespreek en/of gedemonstreer is. Dit bly steeds een van die min bedryfsprojekte waar praktyke in die wingerd gedemonstreer word wat steeds die mees effektiewe metode is van tegnologie oordrag aan produsente.
- Hoewel ‘n geskatte 60% van die totale bywoningsyfer van boeredae produsente is, is die 2de grootste verteenwoordigende groep die borge. Hierdie groep is net so ‘n belangrike skakel t.o.v. tegnologie oordrag aan produsente. Baie van hierdie persone is agente en/of verteenwoordigers wat produkte en/of dienste aan die wynprodusente verskaf wat ook die inligting/voorpunt tegnologie tydens die boeredae gehoor het en

This document is confidential and any unauthorised disclosure is prohibited

dan weer as tegnologie oordraers optree. Veral die chemiese agente word nogal hoog geag deur produsente as inligtingsbron en hierdie groepering het ook ‘n baie hoë kontak – frekwensie met produsente.

- ‘n Gemiddeld van 63 persone is jaarliks per streek direk deur die projek betrek (6 inskrywings + 8 beoordelaars + 49 persone/boeredag)

- Hoewel pogings aangewend is (in veral Olifantsrivier-streek is baie moeite gedoen deur Jeff Joubert) om plaaswerkers te betrek by die boeredae of besoeke aan die wenblokke was hierdie doelwit nie suksesvol bereik nie. ‘n Paar redes kan hiervoor aangevoer word waaronder swak advertering; maar as die produsent nie belangstel of die werkers nie vervoer/bring na die geleentheid nie, is daar nie veel wat die sameroepers daaraan kan maak om die werkers by die boeredae of wenblokke te kry nie.

2.2 Die oordra van die nuutste navorsings inligting vanaf die navorser na die wingerdkundiges en die produsent(e):

2.3 Kalibrering van wingerdkundiges en navorsers rondom optimale wingerdpraktyke per wyndoelwit:

- Ten minste 2 navorsers het deel uitgemaak van elke beoordelingspaneel en daar was direkte kontak en kennis uitruiling tussen navorsers en wingerdkundiges.

- Die navorser-produsent skakeling het plaasgevind as van die navorsers aanbiedings op die boeredae gemaak het.

2.4 Skakeling tussen wingerdkundiges van die bedryf om inligting en kennis uit te ruil:

- Hierdie is volgens my mening een van die belangrikste doelwitte van die blokkompetisie projek en is dit een van die min formele geleenthede/projekte in die wynbedryf waar dit op ‘n praktiese wyse geskied. Die beoordelingspanele word ook so opgestel dat ouer ervare wingerdkundiges saam met jonger wingerdkundige op ‘n paneel is.

2.5 Blootstelling van wingerdkundiges en navorsers aan verbouingstoestande in die verskillende wynstreke

- Daar word noukeurig rekord gehou in watter streek elke beoordelaar jaarliks beoordeel sodat met die samestelling van die beoordelingspanele per streek gewissel kan word om ook met ander wingerdkundiges en navorsers kontak te hê, asook die verbouingstoestande in die verskillende streke mee vertroud te kan raak.

2.6 Identifisering van wingerdboukundige knelpunte in die onderskeie streke:

- Elke jaar tydens die beoordeling, word die 3 praktyke wat deurgaans die swakste gepunt is deur die beoordelingspanele geïdentifiseer en in die vorderingsverslag gerapporteer.

- Die probleem is egter dat hierdie inligting nie noodwendig altyd die fokus van navorsingsprojekte en T.O. aksies aanleiding gegee het nie!

2.7 Erkenning aan wingerdprodusente vir goeie praktykvoering (wyn word in wingerd gemaak):

This document is confidential and any unauthorised disclosure is prohibited

Dit is een van die min projekte/geleenthede in ons wynbedryf waar erkenning aan produsente gegee word vir goeie praktykvoering deur die:

- persberigte – waar oor die wenners en hul wenblokke gerapporteer word;
- oorhandiging van die blokkompetisie trofeë tydens die streeks jongwynskoue van die onderskeie streek of tydens die boeredag by die wenblok en
- 'n artikel in Wynland tydskrif met foto's en berigte van die onderskeie streekswenners

Die vraag is natuurlik of bogenoemde aksies genoegsaam is en of hierdie doelwit nie meer aandag behoort te geniet en tot groter geleentheid uitgebrei moet word nie? Iets wat met die nuwe projek aansoek vir die volgende 3 jaar aandag sal geniet.

3 ACCUMULATED OUTPUTS

Tabel 1: Statistieke van Blokkompetisies gehou tussen 2010 - 2015

Streek	Aantal blokke beoordeel						Aantal beoordelaars						Aantal boere dae						Bywoningsyfer van boeredae					
	2010	2011	2012	2013	2014	2015	2010	2011	2012	2013	2014	2015	2010	2011	2012	2013	2014	2015	2010	2011	2012	2013	2014	2015
Oranjerivier	10	8	8	***a**	***a**	***a**	7	8	6	***a**	***a**	***a**	2	1	1	***a**	***a**	***a**	60	18	25	***a**	***a**	***a**
Olifantsrivier	8	5	6	6	5	5	6	7	9	7	8	10	1	1	1	1	1	***b**	40	37	55	30	20	***b**
Swartland	6	6	6	5	6	***c**	6	8	7	6	8	***c**	1	1	1	1	1	1	30	38	25	35	40	***c**
Stellenbosch	5	9	7	7	5	6	6	7	7	8	6	8	1	1	1	1	1	1	80	90	70	65	60	70
Paarl	5	5	4	5	5	6	9	6	8	7	9	13	1	2	2	1	1	1	75	100	95	75	65	60
Robertson	5	6	7	5	6	7	8	6	7	10	9	11	1	1	1	1	1	1	41	57	36	47	45	43
Klein Karoo	5	6	5	5	5	***c**	6	4	6	8	8	***c**	1	1	1	1	1	***c**	30	33	28	15	30	***c**
Worc/Breede	9	6	6	7	6	5	5	8	6	8	8	6	1	1	1	1	1	1	60	80	100	70	90	90
SUB-TOTAAL	**53**	**51**	**49**	**40**	**38**	**29**	**53**	**54**	**56**	**54**	**56**	**48**	**9**	**9**	**9**	**7**	**7**	**5**	**416**	**453**	**434**	**337**	**350**	**263**
TOTAAL	**313**						**321**						**46**						**2253**					

Notas:

a) Sedert 2013 hou Oranjerivier hul eie blokkompetisie en vorm nie deel van hierdie projek nie

b) Olifantsrivier hou sy boeredag in Augustus vanjaar - daarom is syfers onvolledig.

c) In 2015 is daar nie blokkompetisies gereël in die Klein Karoo en Swartland streke nie weens die staking van die Wintech fondse. VinPro het toe self die projek befonds.

4 Veranderinge/Aanpassings wat oor die 6 jaar periode gemaak is aan die projek:

Gedurende die projek periode is daar jaarliks tydens die sameroepers vergadering waar die terugvoering gedoen word van die jaar se projek en die beplanning vir die volgende jaar bespreek word is baie aandag en besprekingstyd afgestaan aan die onderwerp van "hoe kan ons die projek/kompetisie meer opwindend en dinamies maak dat dit groter aandag en belangstelling by die produsente sal wek. "Die sameroepers het heelparty voorstelle gemaak deur die jare".

<u>Van die grootste veranderinge/aanpassings wat in die verslagperiode gemaak is was:</u>

1) Die jaarlikse tema gebonde streekskompetisies in plek van slegs die premium wyndoelwit bestuurde blokke – het 'n groot verskil vir die beoordelaars sowel as produsente gebring. Van die tema-gebonde kompetisies was bv:

This document is confidential and any unauthorised disclosure is prohibited

- Cultivar gebonde temas bv. Chardonnay; Shiraz; Cab in Stellenbosch; Chenin blanc (ouer as 15 jaar); Skaars cultivars; ens.
- Produksiegedrewe blokke bv. Colombar bo 40 t/ha
- Slegs 4de blad wingerde
- Alternatiewe prieëlstelsels
- Meganies gesnoeide wingerde
- Bosstok verbouing in sekere areas

Goeie bespreking het plaasgevind oor spesifieke wingerdpraktyke gefokus op die tema en/of die sukses-faktore wat aanleiding gegee het tot die wenblok.

2) Op aandrang van die produsente word die winsgewendheid van die blok weer vanaf 2015 in ag geneem. Die blokkompetisie was vir baie produsente heeltemal ongeloofwaardig omdat die finansiële aspekte van die wingerdblok nie in ag geneem is nie. ‘n Goeie opname van die inkomste asook die uitgawes van die blok word in die beoordeling oor die winsgewendheid van die blok in ag geneem. Bly steeds ‘n moeilike beoordelingspunt maar dit maak slegs 5 – 10% van die totale punt uit.

Suksesfaktore by die hou van die boeredae by die wenblok(ke):

- Ligging van plaas is belangrik; as dit afgeleë is, is die bywoning gewoonlik swak
- Moet die wen blok besoek en die goeie en swak punte in die blok bespreek en vrae beantwoord. Produsente hou van gesels/deelname in blok
- Goeie aanbiedings wat pas by tema – navorsers of populêre onderwerpe
- Nie meer as 2 sprekers/aanbiedings in die saal/stoor nie
- ‘n Goeie braai en wyn en saamkuier na die tyd is belangrik!!

5 TOTAL FUNDING OF THE PROJECT

Tabel 2: Befondsing van die projek

Jaar	Winetech Befondsing	Borgskappe			
		Produkte	Kontant	Totale Waarde	% Styging
2010	234,940	283,997	58,300	342,297	22%
2011	248,640	346,168	56,000	402,168	17%
2012	261,780	304,522	100,500	405,022	1%
2013	277,344	412,489	60,497	472,986	17%
2014	241,500	458,301	71,313	529,614	12%
2015	0	412,028	100,800	512,828	-3%
TOTAAL	R 1,264,204	R 2,217,505	R 447,410	R 2,664,915	

This document is confidential and any unauthorised disclosure is prohibited

Opmerkings:

- Die borgskap-bedrag het astronomies gegroei oor die laaste 5 jaar en dit ten spyte van moeilike finansiële tye in die wynbedryf en borge wat ook hulle rieme dunner moes sny.

- Borgskappe is hoofsaaklik in die vorm van produkte wat as pryse aan wenners oorhanding word terwyl kontant gebruik word om kleiner kostes te dek of om advertensies/berigte in media te plaas.

- In 2015 het Winetech nie die projek befonds nie. VinPro ingestaan om die kompetisie in 5 streke aan te bied sodat die projek nie tot 'n einde kom.

6 CONCLUSIONS

Die projek speel 'n baie belangrike rol t.o.v. Tegnologie Oordrag; kennis-uitruiling en die praktiese demonstrering van voorpunt tegnologie in die Suid-Afrikaanse Wynbedryf. Soos die statistieke ook bewys is daar geen ander projek wat wingerdkundiges, navorsers, landboukundiges en produsente bymekaar uitbring om kennis en ondervinding op 'n praktiese wyse uit te ruil nie.

In 'n onlangse VinPro-opname (sien figure aangeheg) onder wynprodusente is daar bevind dat in die meeste wynstreke meer as 50% van die respondent al die Boeredag in sy streek bygewoon het en 70% van diegene wat die boeredae bygewoon het dit waardevol tot baie waardevol gevind. Die voortbestaan van die projek is dus belangrik en befondsing deur Winetech van kardinale belang.

Bedankings:

Die volgende persone en/of instansies het bygedra tot die sukses van hierdie projek naamlik:

1. Winetech – vir befondsing

2. Die streeks-sameroepers – VinPro se Streeks Wingerdkonsultante en veral ook hul sekretaresses wat baie tyd insit met al die reëlings van die blokkompetisie.

3. Die talle lojale borge ook in moeilike finansiële tye sonder wie die projek nie moontlik sou wees nie.

4. Produsente wat bereid was om deel te neem en veral die streekswenners wat bereid was en baie gehelp het om die Boeredae aan te bied op hul plase.

This document is confidential and any unauthorised disclosure is prohibited